SOUTH AFRICAN
WRESTLING FEDERATION

Internasionale Spanbestuurder Riglyne

1. Noue samewerking en kommunikasie tussen afrigters en spanbestuurders is krities belangrik reg van die begin af.
   Begin onmiddellik met beplanning:
   Vlugkaartjie koste
   Visas, UWW Lisensies
   Verblyf en ander kostes
   Biometrie van Spanlede
   Skrywe aan Spanlede ivm kostes, sperdatums, paspoorte so gou as moontlik, bevestiging van Spanlede

Kommunikeer die volgende eerstens met jou afrigters en spanbestuurdera, kry almal se inkoop en pas aan waar nodig.

- • Doelwitte vir die toer
- • Beplanning m.b.t. oefen program wat oefen tye en kampe insluit
- • Wat jy verwag van jou kollegas asook wat hulle verwag van jou. Hanteer almal as jou gelyke en respekteer mekaar se opinies.
- • Wat julle verwag van die stoeiers en wat die stoeiers van julle verwag
- • Span en toer reëls
- • Kommunikasie met ouers – hier speel spanbestuurder ’n kritiese rol
- • Kommunikeer gereeld

2. Skep ’n atmosfeer van spangees en samehorigheid deur:

- • Moedig goeie samewerking onder span lede aan
- • Identifiseer moontlike probleme of struikelblokke bv. botsende persoonlikhede vroegtydig en werk op ’n subtiele wyse met betrokke persone
- • Wees by duidelik oor dissipline
- • Identifiseer spanlede wat moontlik ekstra hulp kan nodig hê bv. massa of spesiale behoeftes.
- • Kommunikeer gereeld met almal. Mense wat weet wat en wanneer iets gaan en moet gebeur skakel maklik in en doen makliker wat van hulle verwag word.
- • Reël en doen ’n paar span aktiwiteite saam

- • Besluit en identifiseer leiers en span kapteine
- • Gaan altyd as spanbestuur deur die volgende se reëlings alvorens julle met die span praat voor die volgende dag se vergadering. Dit verhoed dat spanbestuur lede verskil van mekaar voor spanlede, stoeiers tel dit vinnig op.
- Moedig spangees aan

• Onthou om harde werk en goeie samewerking te prys en aan te n bv deur ‘n kreet

- **ALGEMENE REELS VIR SPAN LEDE – TOER**

1. Stiptelikheid en tyd houding vir bymekaar kom, vertrek tye, oefening en etes
2. Kleredrag soos bepaal deur die spanbestuur
- • Korrek geklee vir oefening, neem droë skoon ekstra klere saam
- • Korrek geklee vir medalje seremonies
- • Korrek geklee vir etes

3. Netheid in kamers – hou jou kamer netjies ten alle tye
4. Doen en late – moet ten alle tye weet waar almal is op ’n gegewe tyd. Laat weet die afrigter of spanbestuurder
5. Gedrag busse – respekteer ander persone ten alle tye, vat al jou persoonlike eiendom en toerusting, respekteer die bus drywer en tel jou rommel op.
6. Taalgebruik – moet ten alle tye onberispelik wees.
7. Gedrag en optrede teenoor spanmaats, dames, senior spanlede, afrigters, spanbestuurders en beamptes – stel ten alle tye ’n voorbeeld en tree respekvol op.
8. Eet saal en tafel maniere – spanlede sit bymekaar en verwyder eetgerei indien nodig nadat klaar geeet is.
10. Ondersteun en respekteer span kaptein
11. Respekteer ander lande se spanlede, amptenare en volkslied
12. Rapporteer enige probleme aan afrigter en spanbestuurder bv. verblyf, beserings, vervoer en etes.
13. Wanneer ons as ’n span of alleen in die publiek beweeg verteenwoordig ons nog steeds ons land